

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

16 Maart 2020

AAN: LERAARS EN KERKRADE, NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Geagte vriende,

COVID-19 : WAT STAAN GEMEENTES TE DOEN?

Op 5 Maart 2020 is bekendgemaak dat die eerste persoon in Suid-Afrika positief getoets het vir COVID-19, 'n nuwe virus in die Coronagroep van virusse. Dis nou nog nie twee weke later nie en die situasie het reeds drasties verander, in die lig van pres Cyril Ramaphosa se nuuskonferensie op 15 Maart.

Belangrike maatreël rondom 100 persone

Van die belangrikste regeringsmaatreëls wat kerke direk raak, is dat byeenkomste van meer as **100 mense** verbied word. Gemeentes moet hierdie maatreël ondersteun en handhaaf. Dit is diep ontwrigtend vir baie gemeentes. Aan die ander kant het 'n hele aantal kleiner gemeentes nie 100 mense in die erediens het nie. 'n Hele groep Oos-Kaapse gemeentes word dus nie hierdeur geraak nie.

Kerkrade en leraars word aangeraai om liefs nie erediens te stel nie, maar met kleiner byeenkomste te werk. Sommige gemeentes sou twee erediens, of meer, in plaas van een kon hou. Daarby kan lidmate versoek word om in kleiner groepe bymekaar te kom. Dalk moet geografiese byeenkomste nou gehou word. Lidmate uit 'n sekere deel van die gemeente kan om 09:00 kom en lidmate uit 'n ander deel om 11:00.

Of groot wyksbyeenkomste kan gehou word. Van ons het jare gelede by die Anglikaanse Gemeente, Holy Trinity Brompton, gesien hoe hulle met "mid-sized" byeenkomste werk, so ongeveer 70 mense. In ons geval sou wyke in kleiner groepe gegroepeer kon word wat in sale, in die kerk, of in die kerksaal bymekaar kan kom. Gemeentes kan 'n hele aantal erediens deur die week hou.

Dan is daar ook digitale stromingsdienste beskikbaar. Moontlik is dit 'n laaste uitweg. Dalk kan geestelike byeenkomste en erediens gestroom word, via Youtube of Facebook. Een van die heel beste stromingsdienste is Zoom.us, 'n diens wat baie in akademiese kontekste gebruik word. Ek neem persoonlik soms deel aan vergaderings waar mense uit tot 46 lande inskakel via Zoom.us.

In hierdie opsig kan julle tegniese *freaks* (julle weet wie julle is) ons gerus ook met wenke bombardeer, sodat ons dit kan deel.

MAAR die heel belangrikste: Deel asb met my julle gemeente of ring se kreatiewe planne, sodat ek dit onder almal se aandag kan bring. Só sê die **Ring van Sondagsrivier** byvoorbeeld: "Ons dink om meer

dienste per Sondag te hou, om die Paasdienste op 'n ander wyse aan te bied, dalk Donderdagagaand en Vrydagoggend, om as wyksgroepe eredienste by te woon op geskeduleerde tye."

WENK: Die SA-Regering het 'n uitstekende inligtingsdiens op Whatsapp geskep sodat ons ingelig kan bly oor COVID-19. Stoor die nommer 0600 123456 op jou selfoon en stuur 'n Whatsapp boodskap "Hi" om opdatings te ontvang.

Gelukwense aan die kabinet

Pres Ramaphosa het in sy nuuskonferensie sterk maatreëls aangekondig om die verspreiding van die koronavirus te beperk. Ons is dus nie in 'n lewensbedreigende krisisfase in die sin dat ons almal siek is nie, ons is in 'n doelgerigte, aggressiewe program om die verspreiding van die virus te keer.

Die SA-regering en ons president moet gelukkig word met die uitstekende wyse waarop die Corona-bedreiging hanteer word. Ja, ons bedoel dit. Anders as verskeie Europese lande en die VSA wat die probleem so lank geïgnoreer het dat daardie lande die nuwe hoofsentrum van die infeksie geword het, tref Suid-Afrika doelgerigte maatreëls om te keer dat die virus ongebreidel versprei. 'n Senior joernalis in 'n Engelse publikasie skryf juis vandeeweek dat ons regering hulle deur kundiges op die gebied laat lei. Ons het rede om dankbaar te wees.

Die klem is dus nou op **voorkoming**. Dit is onnodig om deur vrees oorweldig te word.

Gemeentes kan 'n geweldige belangrike rol speel om mense te bemagtig om reg en verantwoordelik op te tree.

Wat kan kerke doen om verspreiding te keer?

Christianity Today het 'n uitstekende artikel deur Daniel Chin gepubliseer wat die benadering om voorkoming van infektering ten alle koste te keer, goed uitspel. Chin is 'n kenner op die gebied van wêreldgesondheid en virus-uitbrake. Hy het lank vir die Wêreld-Gesondheidsorganisasie gewerk in gebiede waar hoogs aansteeklike siektes bekamp moes word. Hy is ook 'n aktiewe kerklidmaat wat gemeente-wees verstaan.

Chin se praktiese benadering werk met twee ankerpunte:

- Interpreteer die stand van die virusverspreiding in jou konteks korrek, en volg stappe wat daarby pas;
- Indien die stand van die infektering verander, pas jy die strategie prakties aan sodat infektering sover moontlik beperk bly en sosiale afstand ("social distancing") toepaslik vermeerder kan word.

Hierdie benadering verhoed dat ons oor-reageer of onder-reageer, die bedreiging as onbenullig afmaak óf te sterk optree terwyl dit (nog) nie nodig is nie.

Vervolgens gaan ek die artikel gedeeltelik opsom, maar dit is noodsaaklik om dit in sy geheel te lees. Dit is hier beskikbaar: <https://www.christianitytoday.com/ct/2020/march-web-only/seattle-churches-stop-meeting-to-slow-covid-19-coronavirus.html>

Hoe om onself en ander van COVID-19 te beskerm

Een: Onthou, dit is inderdaad moontlik om onself en ander van infektering te beskerm. Die benadering is so eenvoudig, dat mens maklik kan vergeet hoe effektief dit kan wees:

- Was jou hande gereeld;
- Moenie aan jou gesig vat nie – en as jou moet, doen dit met pas-gewaste hande;
- Wees vriendelik maar moenie met die hand groet, soen, drukkies gee of aan ander mense vat nie;
- Vermy kontak met siek persone;
- As jy siek is, bly tuis.

Wanneer mense in jou groter omgewing hoes, is jy gewoonlik veilig indien jy sowat minstens twee meter van daardie persoon af is. Die virus word deur spuugdruppels versprei, wat grond toe val. Vandaar die twee meter. Die virus sweef nie opsigself in die lug rond en versprei nie deur die lug nie.

Twee: Onthou dat die virus bekamp en oorwin kan word. Daar is reeds voorbeelde van gemeenskappe waar COVID-19 ingedring het en nooit 'n vastrapplek kon kry nie. Dit het gebeur omdat mense basiese openbare gesondheidsbeginsels gevolg het. Hierdie basiese maatreëls voel aan die begin vreemd en stram, maar moet aggressief toegepas word. Dus: was jou hande, moenie met die hand of mond groet nie, mekaar druk nie, en bly tuis as jy siek voel.

Die maatreëls wat ons regering op 15 Maart aangekondig het, dien feitlik almal hierdie benadering: geen vastrapplek vir COVID-19 in ons gemeenskappe nie.

Drie: Wanneer die infeksie egter wortelskiet raak die maatreëls meer drasties. Ons moet dit probeer vermy. Vandaar aanbevelings om nie te reis nie, tensy dit dringend noodsaaklik is, en om oor die algemeen meer tuis te bly. Tans kan feitlik alle infeksies in SA nog herlei word na mense wat dit van die buiteland of elders gebring het. Ons is aan die begin van die kurwe en basiese maatreëls kan nog effektief wees.

Op watter vlak is my gemeente en gemeenskap se risiko?

Chin kategoriseer die risiko in vlakke van Groen, Geel en Rooi: Groen geld wanneer die risiko van oordrag in die gemeenskap nog laag is, terwyl die risiko-toename van groen deur geel na rooi beweeg.

Groen	Geel	Rooi
Daar is geen gevalle van COVID-19 in my gemeenskap nie	Daar is gevalle in my gemeenskap, maar al die gevalle het elders aangesteek, of hou verband met 'n infeksie wat elders begin het	Daar is een of meer gevalle in my gemeenskap, en hulle hou nie verband met ingevoerde infeksie nie. Daar is veelvuldige generasies van infeksie, op plaaslike vlak
Aksie: Alle aktiwiteite gaan normaalweg voort, binne die raamwerk van die regering se maatreëls Goeie openbare gesondheidsbeginsels word gevolg Voed mense op	Aksie: Pas sekere aktiwiteite aan, veral waar fisieke kontak byna onafwendbaar is Begin om jou aksieplan in werking te stel Kommunikeer	Aksie: Pas aktiwiteite aan of kanselleer dit Implementeer jou aksieplan ten volle Kommunikeer

Ontwikkel solank jou plan van aksie vir wanneer die situasie verander		Kanselleer alle in-persoon aktiwiteit, behalwe die mees wesenlike Hou op om gemeentelike byeenkomste te hou
---	--	--

Die regering se maatreëls is daarop ingestel om soveel as moontlik gemeenskappe GROEN te hou, soos dit tans is. Gemeentes moet gevolglik die maatreëls ondersteun.

Die situasie word ROOI wanneer 'n lid van jou gemeenskap geïnfekteer is sonder dat die persoon onlangs na 'n ander gebied waar daar gevalle voorkom gereis het, en daardie persoon se siekte nie direk skakel met 'n ander infeksie nie. Dit is krities, want dit dui aan dat die oordrag ongemerk plaasgevind het. Rooi volg ook wanneer die oordrag, selfs as dit aan 'n ingevoerde infeksie gekoppel kan word, nou deur veelvuldige generasies beweeg het – iemand het die virus ingebring, dit oorgedra, en nou vind die oordrag deur tweede en derde generasies plaas.

In sy nuuskonferensie het Ramaphosa laat blyk dat hierdie soort oordrag reeds in SA waargeneem word. Dit is nog 'n rede om die kabinet se maatreëls te steun.

Hoe lyk 'n plan van aksie? Hoe besluit ons?

Nog 'n waardevolle deel van Chin se artikel gee praktiese advies oor hoe 'n gemeente se plan van aksie behoort te lyk. Dit is werklik waardevol. Lees dit deeglik (sien die skakel hierbo) en werk 'n plaaslike plan van aksie daarmee uit.

Christianity Today het ook 'n gratis inligtingstuk wat [hier](#) afgelaai kan word. Dit vervang egter nie Daniel Chin se uitstekende artikel nie.

Hierdie praktiese maatreëls moet toegepas word binne die raamwerk van die regering se maatreëls.

Kyk ook na hierdie hulpbron: <https://sacoronavirus.co.za>.

Voorbeelde van kommunikasie

Die belang van kommunikasie kan nooit oorskat word nie. Verskeie goeie voorbeelde daarvan is aanlyn te vind. Daar is ook minder goeie voorbeelde.

Hier is 'n voorbeeld van kommunikasie soos Graaff-Reinet gemeente dit doen (met dank aan Ben van Tonder). Dit pas goed by 'n situasie van veral groen of geel, maar is geskryf **voordat** die president sy nuuskonferensie gehou het:

- [Praktiese uitdagings](#) waaraan gemeentes aandag moet gee;
- 'n [Skrywe aan die gemeente](#).

Die boodskap van God se nabyheid

Die Bybel beklemtoon God se sorg, nabyheid en beskerming. Dit is belangrik om mekaar hiermee te troos.

Ons moet ook versigtig wees dat ons troosboodskap mense nie laat vergeet hoe belangrik gedissiplineerde, geroetineerde voorsorgmaatreëls soos hierbo uiteengesit is nie.

Walter Schwär, Lutherse predikant van Kaapstad, bring Maarten Luther se woorde toe 'n groot plaag Europa in die 16de eeu geteister het, onder ons aandag (dit pas veral wanneer die situasie na geel en veral rooi beweeg):

I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbour needs me however I shall not avoid place or person but will go freely as stated above. See this is such a God-fearing faith because it is neither brash nor foolhardy and does not tempt God."

(The Annotated Luther, Volume 4: Pastoral Writings)

Met beste wense,

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode